LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

15-10-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 36 VIR 2018

1 ALGEMENE JAAR- EN BEGROTINGSVERGADERING:
Ons Algemene Jaar- en Begrotingsvergadering waar die skoolgeld vir 2019 vasgestel gaan word, verskuif na Woensdag, 31 Oktober 2018 in die skoolsaal vanaf 18:00. Dagboek asb. hierdie datum sodat al ons ouers teenwoordig kan wees.
Die begroting is ter insae by die skool vanaf 17 Oktober 2018 van 08:00 tot 14:00.
Neem kennis: Hoër Volkskool se Begrotingsvergadering is op Dinsdag, 30 Oktober 2018.

2 FOTODAE:
Ons neem op Maandag, 22 Oktober 2018, Individuele foto's. U kan nog bestelvorms tot Woensdag, 17 Oktober na die registerklasse instuur.

3 MUSIEKFEES:
Ons Musiekfees vind plaas op 16 (Juniors) & 17 (Seniors) Oktober 2018. Dit gaan twee besonderse geleenthede wees. Maak seker dat u op die regte datum die geleentheid bywoon.
Kleredrag:
- Juniors: Netjiese Volkiedrag en kaalvoete.
- Seniors: Formele somerskooldrag met skoene en kouse.

Tyd:
- Massakoorlede moet asb. stiptelik **18:00** by jou toesigklas aanmeld.
- Skoolkoorlede meld 17:30 in mediasentrum aan.
- Gr 3 klasmusiek meld 17:30 in mediasentrum aan.
- Gr 4 klasmusiek meld 18:00 in mediasentrum aan.
- Alle item-deelnemers meld ook 18:00 in mediasentrum aan.
- Ouers kan leerders om 20:00 weer by hul toesigklas afhaal.

4 ATLETIEK:
Ons huissport vind plaas op 25 Oktober 2018 en op 1 November 2018 het ons 'n weg byeenkoms.

5 BEKRONINGSFUNKSIE - BUITE SKOOL ERKENNING:
Alle leerders wat aan sport buite skoolverband deelgeneem het moet so spoedig moontlik hulle dokumentasie inhandig by Mev. Driena Spykerman of Mev. Sanet Strydom. Leerders moes 'n Podium plek op SA kampioenskappe behaal het, om in aanmerking te kom vir 'n spesiale vermelding by die Bekroningsfunksies.
Rig u aansoek asb direk aan Juf. Driena Spykerman voor 25 Oktober 2018.

6 SNOEPIE:
Die snoepie sal op Vrydag, 19 Oktober gesluit wees a.g.v. die Graad 7 se Entrepreneursdag.

7 SWEM:
Daar is swemoefening by Hoër Volkskool op Dinsdag en Donderdag vanaf 15:00 - 16:00. Al die 1ste tot 4de plekke moet gaan oefen.
Belangrike datums:
24 Oktober se gala is by St. Dunstan's College.
31 Oktober se gala is by Martin's School.
8 November se Interlaer gala is by Boksburg Noord.

8 ENTREPRENEURSDAG:
Die Graad 7 leerders hou op Vrydag, 19 Oktober 2018 Entrepreneursdag.

9 SPREEKKOOR:
Die spreekkoor oefen vandag van 13:00 tot 13:45 in Juf. Monica se klas.

10 HARTKLOP:
Ons vra GROOT ASSEBLIEF vir u oortollige plastieksakke (bv. Pick & Pay) vir ons Hartklop projek.

11 OORTOLLIGE KLERE:
Ons versoek u vriendelik om asseblief die te klein Volkiedrag wat nie deur 'n ander boetie of sussie gedra gaan word nie en nog mooi lyk, vir ons te skenk. Daar is 'n groot behoefte in ons klerebank.

12 KOOR:
Die Juniorkoor oefen vanmiddag van 14:00 tot 14:30 - dit is 'n baie belangrike oefening!

13 SKAAK:
Op 23 November 2018 is daar by Hoër Volkskool se koshuis 'n skaak-kuier vir al die laerskoolspelers. Indien enige speler belangstel, moet hulle net hul name vir Juf. Ronelle Terblanche gaan opgee. Verdere inligting volg later.

14 TOUTREK:
Oefening is vir alle belangstellendes, op Dinsdag, 16 Oktober vanaf 15:00 tot 16:00 op die rugbyveld.

15 DISKONTO-BOEKE:
Diskonto-boeke hou weer 'n uitstalling in die skoolsaal vanaf 22 -24 Oktober 2018 vanaf 09:00 tot 15:00. Op 24 Oktober is die uitstalling net tot 13:00.

16 PUBLIC SPEAKING:
Die public speaking is 24 Oktober 2018 stiptelik om 18:00.
Gr. 1-3: Skoolsaal; Gr. 4 & 5: Mediasentrum; Gr. 6 & 7: Juf. Annatjie se klas
Leerders trek netjiese skooldrag aan en sal na afloop van die aand 'n sertifikaat ontvang

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF